

OORDENKING : TWEE LEPELS SUIKER VIR JOU?

deur Gerhard Bothma soos geskryf vir e-kerk

Ná die soveelste terugslag in die onlangse verlede sit 'n vriend en huil by my terwyl hy vra hoe hy dié keer gaan kan opstaan. Ek het so gewens dat ek vir hom meer kon doen as luister, sterkte toewens en saam met hom bid. As ek meer geld gehad het sou ek beslis vir hom daarvan gegee het. As ek meer tyd gehad het sou ek langer en meer gereeld naby hom wou wees dat hy nie alleen hoef te wees wanneer hy huil nie. As ek meer wysheid gehad het sou ek seker geweet het wat om vir hom te sê, want geen van die woorde binne my woordeskat – in watter sinsformasie ook al – sou hom beter af gelaat het nadat ons totsiens gesê het nie.

Die klappe wat die lewe uitdeel tref party mense harder as vir ander. Neem byvoorbeeld vir Naomi van wie ons in die boek Rut lees. Ná of tydens 'n hongersnood in Israel het sy en haar man, Elimelek, en hulle twee seuns, Maglon en Kiljon, uit Efrata in Betlehem in Juda na Moab verhuis om dáár 'n nuwe begin te maak (1:1-2). Of dit daar met hulle beter gegaan het, weet ons nie, maar vir Naomi was dit beslis 'n verdere terugslag toe Elimelek oorlede is (1:3). Dit moes vir haar sleg gewees het dat haar seuns nie met meisies uit haar eie volk uit getrou het nie, maar sy het darem vir omtrent tien jaar onder hulle sorg 'n heenkome gehad (1:4). Toe gebeur die ergste ding wat sekerlik met 'n mens kan gebeur en albei haar seuns sterf (1:5). Gedagtig aan haar omstandighede is dit heeltemal verstaanbaar dat sy haar naam van dit wat 'die lieflike een' of 'aangenaam' na Mara, wat 'bitter' beteken, verander het (1:20).

Net soos wat ons nie die meeste van die klappe wat ons van die lewe en die mense rondom ons ontvang kan afweer nie, kon Naomi dit ook nie doen nie. Tog bly dit jammer dat haar geloof haar tydens haar krisis nie gehelp het nie en dat sy verbitterd geraak het. Haar vertolking van dit wat gebeur het, was dat die Here teen haar gedraai het en dat Hy 'n ramp oor haar gebring en die lewe vir haar baie bitter gemaak het (1:20-21). Sy kon dit nog hanteer dat hulle vanweë die destydse hongersnood moes trek, want haar gesin het haar lewe vol gemaak. Sonder hulle was die lewe leeg (1:21). Na aanleiding van die woordspeling in die teks kan ons se dat 'n lieflike en aangename mens se verstaan van en reaksie op gebeure haar 'n bitter mens laat word het.

Ons almal ken mense wat deur die lewe geboelie is en tot soortgelyke gevolgtrekkings as Naomi gekom het. Dalk voel jy soms ook so? Die mense vir wie hierdie teks geskryf is kon met Naomi identifiseer, want hulle het ná hulle terugkeer uit ballingskap geglo dat die Here dinge in hulle guns geswaai het al het hulle nie geweet wat om met hulle seer en hulle vrae te doen nie (1:6). **Ons eie vertolkings van hoe God is en by ons en die dinge wat rondom ons gebeur betrokke is kan ons soos lieflike, aangename mense laat optree of dit kan ons bitter mense laat wees wat die lewe ook vir ander bitter maak. God maak ons nie bitter nie. Hy help ons eerder om aangenaam te wees.**

Mag jy daarin slaag om God te sien vir Wie Hy is en wat Hy doen. **Mag jy daarin slaag dat die dinge wat in jou lewe met jou gebeur het en steeds gebeur jou geloof nie só kleur dat jy jōu belewenis en opinie van God verwar met hoe God waarlik is nie.** En mag jy die lieflikhede in die lewe en jouself raaksien en daarin slaag om jou bitterhede te sluk en telkens weer op te staan, voort te gaan en aangenaam op te tree.

Mag die Here ons daartoe help om die slegte dinge wat ons oorkom, reg te hanteer
– Ds Leon Tait



Saam met die Groot Kenner op die verhoudingspad

God het ons gemaak vir verhoudinge! God, Drie-enig het ons na Sy beeld vir Homself gemaak en vir mekaar. Deur Jesus wat ons verlos, nuut maak en in ons woon kan ons weer leer hoe om reg te leef in verhoudinge soos God dit vanaf die begin bedoel het. As ons nie in verhoudinge goed vaar nie mis ons ons doel waarvoor God ons gemaak en gered het!



Dit is die opwindende pad wat ons saam met ons Heer en Kenner van verhoudinge gaan loop in ons nuwe reeks wat pas afgeskop het. Daarom dat die heel belangrikste opdrag van die Here nie gaan oor dinge of allerlei aktiwiteite nie, maar oor die verhoudingswoord: *liefde!* *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte en die tweede (hieraan gelyk!) is dat jy jou naaste sal liefhê soos jouself.*

Om in die regte verhouding van liefde met God te leef maak al die verskil ons lewe. Dit is veel meer as net godsdiens of rituele of tradisies! Dit is 'n persoonlike verhouding met God, waar Hy vir my belangriker as enigiemand of iets anders is. Hy is die middelpunt van my hele lewe! Daarom die allerbelangrikste vraag aan Petrus en jou en my: *het jy My lief?*

Om geestelik te groei is meetbaar deur te vra: in watter mate het ek God lief met my hart (emosies) my siel (besluite/keuses) my verstand (denke) en kragte (dade) as 'n jaar gelede?

Om by die kragstroom van God se liefde ingeprop te wees kan ons alle ander mense liefhê met wie ons paaie kruis! Dink net wat 'n verskil dit kan maak in huwelike, gesinne, bure, gemeentes, werkkring, Pretoria en die land as ons as christene met God-liefde, wys ons het almal om ons lief? Is dit nie wat die wêreld moontlik die nodigste het nie? God wil deur jou en my liefdevol uitreik na almal om ons. Die goeie nuus is dat ons dit nie hoef op te tower of op te wek of te bekom op een of ander geheimsinnige manier nie. *God se liefde laat Hy voortdurend invloei in die hart wat dit laat uitvloei na ander!*

Kerke wat 'n verskil in die samelewing wil maak soos God bedoel het, is kerke wat alles wat hul doen, verhoudingedrewe doen. Dit is die kerk se DNS! Wat van jou? Hoe belangrik is jou verhouding met God en ander vir jou?

Kom loop saam op die voetspoor van Jesus en kom ons leer oor verhoudinge!

Ds Leon van Heerden



!! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ **10 Okt:** Skole open
- ◆ **14 - 16 Okt:** Gemeente-kamp
- ◆ **23 Okt:** Aandnagmaal
- ◆ **30 Okt:** Doop

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik.
Kontak Ernst by 083 656 4992

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied,
kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadje adverteer!
Kontak Ilze 072 111 3100

c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



Naómi

082-804-1200 012-331-0015

TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

OMGEEgroepe speel elke jaar 'n prominente rol om 'n bydrae te lewer om van die Karnaval 'n sukses te maak. Verskeie stalletjies word deur die omgeegroepies en lede beman.

Die spanwerk wat altyd hiermee gepaardgaan is 'n VREUGDE om te beleef! Die samewerking en vriendelikheid FANTASTIES!!

Nie net weet die **OMGEE**groepe hoe om hard te werk nie, maar hulle kan net so heerlijk **PRET** hê!!!

Hartlike dank aan ieder en elk van ons Omgeegroepes wat bereid was om 'n verskil te maak en dit boonop met soveel entoesiasme en sukses gedoen het!!

ONS SIEN UIT NA VOLGENDE JAAR!!!!



GEMMERBIER

WORSBROODJIES

SPOOKASEM



JAFELSKOEKE

WORSROLLETJIES

KERRIE & RYS

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

PRES LES

Beskikbaar: "Comforters", dekens (quilt), linne en grodyne. "Professional cookware and induction cooker".

- Kontank 5% afslag
- Krediet kaart 2.5% afslag.
- Terme - 10% deposito, 6 of 18 maande maadeliksepaaiemente

Benodig vol en/of deelyds konsultante.

Geen kapitaal uitleg, slegs R150.00, 2 ID foto's en ID afskrif.

Geen aflewering, skryf net bestellings.

Kontak Allan Prentice by 012 331 3626 / 083 619 2676

Email - alpres@telkomsa.net

To God the Glory



MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



Taakspan vir Sending

BROOD VIR NOOD

Baie dankie aan al die gemeentelede wat ons ondersteun het die Nadine Blom fondsinsamelings funksie. Na ons onkoste as gedek is sluit ons af met 'n klein bedraggie wins.

Die komitee wil 'n dringende beroep op u as gemeentelede doen; kan u nie asseblief vir ons soos in die verlede, 1 maal 'n maand 'n blikkie onbederfbare kos skenk nie. Ons koskas by CMR Moot en Moot Care is leeg en die nood raak al hoe groter. Ons sê sommer byvoorbaat DANKIE aan almal vir hul ondersteuning. DANKIE aan die lede wat getrou kos sowel as klere aan ons skenk om ander se nood te help verlig. Ons benodig ook heelwat mansklerne en skoene.

JAKARANDA KINDERHUIS: HUIS 4

Die kinders het die bywoning van die Nadine Blom funksie baie geniet. Ons wil net vir die borge dankie sê wat dit moontlik gemaak het dat die kinders die funksie kon bywoon. Dankie ook aan Wilhelm Steijn vir sy bydrae om die kinders veilig by die funksie en tuis te besorg.

BEGRAFNISBEDIENING

Me Sophie von Brandis en haar span beleef op die oomblik 'n rustige tydjie. Dankie aan almal wat haar so getrou bystaan.

TROOSBEDIENING

Me Sophie von Brandis is die koördineerder van die komitee en benodig hulp, is daar nie van u wat haar asseblief wil help nie. Haar kontak besonderhede is (012) 331 3993 of 083 954 4557.

SIEKESORG

Me Daleen Steijn is die nuwe koördineerder van die komitee en vra asseblief hulp, wil u nie betrokke raak en haar kontak nie 074 193 2016 of by steijn@telkomsa.net. Dankie ook aan Mnr Johan de Klerk wat die besoeke aan die mans behartig.

NAALDWERKKLAS

Me Afke Hepkema is dringend op soek na dames om haar te help by die klas, kom dames kom toon u naaldwerk vaardighegde en help so ander om hul self te help, u kan haar kontak by (012) 330 1400.

MOTORWAGTE

Die komitee voorsien nog kospakkies aan 3 motorwagte 2 by Gezina Galleries, 1 Gezina Stad en 12 by Pick 'n Pay Waverley.

HUISOPPASSER

Magda van Tonder pas u huis op terwyl u rustig vakansie hou. Versorging van diere, huis en tuin. Baie ondervinding. Tarief is R120 per nag. Vir gemoegdsrus kontak Magda by 076 248 5975.

NUWE INTREKKERS



Lucilla vd Berg



Hanna Appelgryn



Jannie van Zyl



Petro Loubser



Juanita Joubert



Jenny Potgieter



Gerda Blom



Pieter & Kathleen Smith



Magda van Tonder



Bennie, Yolandi en Elandri Hickman

Henk, Susan & Karina Botha



PETER SWEISMAN

Ek ontwerp en doen pragtige **STAAL-WERK** volgens jou behoefte en spesifikasies:

- Veiligheidshekke
- Gemotoriseerde Hekke
- Diefwering
- Kunstige Staalheinings
- Blomrakke en Staanders
- Vleisbraaiers
- Afdakke
- Wat ookal

Kontak Peter Dorfling vir 'n kwotasie:

076 713 2167 / 012 331 0952

